



Die onbekende man wat na bewering Vrydag die grootwihal op Mosselbaai gevang het, staan agter. Voor is twee jong mans wat hom vermoedelik gehelp het. Foto: OCEANS RESEARCH

Man gesoek ná hy haai by Mosselbaai vang

EUGENE GUNNING

George

'n Man wat glo Vrydag 'n grootwihal by Mosselbaai gevang het, word steeds gesoek.

Die onbekende man het die haai van sowat 2 m na bewering Vrydagoggend by Beacon Point gevang.

Hy het glo aan mnr. Ryan Johnson, 'n navorser van Oceans Research op Mosselbaai, gesê hy is van Kaapstad en gewier om sy naam te gee.

Ms. Cathy Heil, 'n woordvoerder van die organisasie, het egter gister gesê hulle het intussen inligting bekom wat daarop dui dat hy op George woon.

Mnr. Heindrich Wyngaard, woordvoerder van die afdeling visserye by die departement landbou, bosbou en visserye, het gistermiddag gesê die voorval word ondersoek en 'n verklaring sal later uitgereik word.

Die departement veroordeel die voorval.

Johnson het aan *Die Burger* gesê dit is onwettig om grootwihal te vang, want dit is 'n beskermde spesie.

Johnson het die man Vrydag gekonfronteer waar hy glo op die rotse vir 'n foto by die haai gepeer het.

Hy het gister 'n beroep gedoen om hulle te laat gaan en hulle kan die

departement van landbou, bosbou en vissery kontak op Oceans Research by ☎ 044 690 5799.

Johnson het gesê hulle is bekommerd oor dié soort voorvalle. Dit kom veral in die somermaande voor wanneer mense van elders die gebied besoek.

Hy is nie presies seker hoe die haai gevang is nie.

Die hengelaar of sy helpers het vermoedelik 'n lyn en aas met 'n kajak sowat 100 m die see in gevat en die haai van die land af gevang.

Volgens Johnson het hy die betrokke dag 'n telefoonoproep ontvang van iemand wat gesê het dat 'n man 'n haai gevang het.

"Ek het die man met die groot-

wihal op die rotse (langs die see) aangetref. Daar was ook ander mense wat dit dopgehou het.

"Ek het aan hom gesê dit wat hy doen is onwettig en hy mag dit nie doen nie.

"Een van die plaaslike mense het gesê ons moet die haai in die water terugkry. Die haai was bekeer en daar was oral bloed."

Hulle het daarin geslaag om die haai weer in die water te kry, maar dit is onseker of die haai uiteindelik die voorval oorleef het.

Johnson het gesê van die mense wat by sulke voorvalle betrokke is, doen dit onder meer om foto's van hulself by die haai te laat neem.